GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOORBEREIDENDE EKSAMEN

2022

NASIENRIGLYNE

10712

REKENINGKUNDE

(VRAESTEL 2)

13 bladsye

NASIENBEGINSELS

1. Strafpunte vir vreemde items is slegs van toepassing indien ŉ kandidaat nie punte op ŉ ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (geen vreemde-item-strafpunte vir misplaaste items nie). Geen dubbelpenalisering toegepas nie.
2. Strafpunte vir plasing of swak aanbieding (bv. besonderhede) is slegs van toepassing indien die kandidaat punte vir die bedrae vir daardie item verdien het.
3. Volpunte vir korrekte antwoord. Indien die antwoord foutief is, merk die bewerkings wat voorsien is.
4. Indien ŉ vooraansuiweringsyfer as ŉ finale syfer getoon word, ken die bewerkingspunt toe vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie). Let Wel: As syfers aangedui is in memo vir komponente of bewerkings, dra hierdie nie die metodepunt van die finale antwoord ook nie.
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of – teken of hakie voorsien is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar aangedui word, ken deelpunte toe om die kwaliteit van antwoorde van kandidate te differensieer.
7. Waar strafpunte toegepas word, kan die punte vir daardie afdeling van die vraag nie as ŉ negatiewe syfer getoon word nie.
8. Waar metodepunte toegeken word vir die bewerking, moet die nasiener die redelikheid van die antwoord nagaan en ten minste een deel moet korrek wees voordat punte toegeken kan word.
9. 'Bewerking' beteken ‘kontroleer bewerking’. 'Een deel korrek' beteken bewerking en een deel korrek. **Let wel**: Kontroleer bewerking moet +, -, x, ÷, wees of per memo.
10. In bewerkings, moet nie punte toeken nie vir bewerking as teller en noemer omgeruil is – hierdie is ook van toepassing op verhoudings.
11. Met die toekenning van metodepunte, maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir enige item wat foutief is nie, ten minste gedeeltelik. Dui aan met ŉ ☒.
12. Wees bedag daarop dat party kandidate geldige alternatiewe bied buite die memorandum.
13. **Kodes**: f = vreemde item; p = plasing/aanbieding.

VRAAG 1

BANKVERSOENING

1.1.1

Kontantontvangstejoernaal			Kontantbetalingsjoernaal		
	60 334			**34 865**	
(1 780 + 1 780)	3 560	✓✓	(19 700 – 17 900)	1 800	✓✓
	315	✓		1 670	✓
			(12 080 – 10 080)	2 000	✓✓
				651 (176 een punt mark + 475 een punt)	✓✓
	64 209			40 986	

10

1.1.2 **Bereken die korrekte saldo van die Bankrekening in die grootboek op 31 Mei 2022.**

–34 274 ✓✓ + 64 209 ☑ – 40 986 ☑ = –11 051 ☑ een deel korrek
Sien KOJ Sien KBJ

Aanvaar grootboekrekening
Kontroleer die netto effek

5

1.1.3 **Voltooi die Bankversoeningstaat op 31 Mei 2022.**

	Debiet	Krediet
Saldo volgens Bankstaat Balanserende syfer	R89 731 Kan DT/KT wees moet nie R36 294 aanvaar nie ☑	
Uitstaande deposito R80 670 twee punte		54 370 ✓
		26 300 ✓
Uitstaande EFO	3 660 ✓	
Regstelling van fout deur bank		1 670 ✓
Saldo volgens bankrekening Sien 1.1.2		11 051 ☑ Moenie R34 274 aanvaar nie
Totale moet dieselfde wees om die metodepunt te verdien	93 391 ☑*	93 391

7

1.1.4

Probleem met syfer Probleem ✓ Syfer(s) ✓	**Advies** Advies ✓
• Tekort in kontant deposito, R2 000/ R12 080 ontvang en gedokumenteer maar slegs R10 080 is gedeponeer/ Vertraging in kontant deposito (15 April-17 Mei 2022) • EFO verkeerdelik as 'n betaling van R1 780 aangeteken.	• Gebruik sekuriteits maatskappy om deposito's daagliks en gereeld te te kom haal • Skeiding van pligte: persoon wat geld ontvang moet nie ook dit gaan deponeer nie / tel kontant aan die begin en einde van skofte • Senior personeel moet deur internet bankdienste deposito's opvolg/ deposito strokies wat daaglikse deposito's reflekteer. • Moedig debiteure aan om direkte deposito's /EFO's te doen. Moenie "installeer kameras" aanvaar nie

3

DEBITEURE OUDERDOMSANALISE

1.2.1 **Hoe kan die opstelling van 'n Debiteure Ouderdomsanalise die onderneming help met die beheer van hul debiteure?**

Verwagte antwoorde: ✓✓

- Onderneming kan debiteure identifiseer wat nie by kredietvoorwaardes hou nie / vermy kredietverkope aan wanbetalers
- Onderneming kan stadige betalers identifiseer.
- Kan sodoende identifiseer teen watter debiteure regsaksie geneem moet word / identifiseer debiteure wat aan skuldinvorderaars oorhandig moet word
- Kan help om seker te maak dat skulde betyds ingevorder word.
- Om te bepaal hoe vinnig debiteure die onderneming betaal
- Om te identifiseer teen watter debiteure rente hef moet word of korting toegestaan moet word.
- Om debiteure te idnetifiseer wie se krediet limiet verhoog kan word.

2

1.2.2

	Probleem geïdentifiseer met bewyse en syfers Probleem. ✓ Syfer(s) ✓	**Interne kontrole maatreëls om die probleem aan te spreek** Advies ✓
Probleem 1	Sommige debiteure <u>oorskry hul krediet limiete:</u> - S. Dawood met R2 800/ 70% en - B. Campher met R500/ 10%	- Moenie aan debiteure verkoop wat hul krediet limiete oorskry nie. - Verseker debiteure is kredietwaardig voor daar aan hulle verkoop word.
Probleem 2	Sommige debiteure <u>oorskry hul kredietterme</u> bv. Neem langer as 30 dae om te betaal: - S. Dawood met R1 200/ 30%/30 dae - B. Campher met R4 500/ 90% / 60 dae B. Campher is 'n stadige betaler - 90 dae	- Stuur kennisgewings/ rekeningstate aan die debiteure - Hef rente op agterstallige rekeninge. - Bied korting aan vir voortydige betalings. - Stuur aanmanings-briewe uit. - Oorweeg regsaksie.

6

1.2.3

Die eienaar van Lappop Handelaars is nie tevrede met die beheer oor debiteure nie. Verskaf 'n berekening om sy bekommernis te regverdig.

Totale bedrag wat die krediettermyn oorsky moet vergelyk word met die totale skuld bedrag.

$\frac{5\ 700}{19\ 800} \times \frac{100}{1} = 28{,}8\%$ ✓✓ OF 29% van die debiteure se rekeninge is agterstallig (16,7% + 12,1%)

OF

Slegs 71,2% (71%) van die debiteure voldoen aan die vereistes. twee punte

2

35

VRAAG 2

2.1 KONSEPTE

2.1.1	B	(Verkoops en verspreidings)	✓
2.1.2	A	(Administratiewe koste)	✓
2.1.3	E	(Fabrieksbokoste)	✓
2.1.4	C	(Direkte materiaalkoste)	✓

4

2.2 FACE-IT VERVAARDIGERS

*een deel korrek

2.2.1

Bereken: Waarde van die slotvoorraad van grondstowwe	
Berekeninge	**Antwoord**
3 047 000 ✓ x 4 100 ✓ 27 700 ✓ 110 twee punte	451 000 ☑* Moet vermenigvuldig met 4 100

4

Bereken: Waarde van direkte/ grondstowwe uitgereik vir produksie	
Berekeninge	**Antwoord**
3 047 000 ✓ – 451 000 ☑ (642 000 + 2 405 000) een punt sien bo **OF** (27 700 – 4 100) x 110 (sien bo) 23 600 een punt een metodepunt Aanvaar alternatiewe metodes bv. grootboekrekeninge	2 596 000 ☑*

3

Bereken: Korrekte fabrieksbokoste	
Berekeninge	**Antwoord**
–6 600 drie punte **750 200** + (18 000 ✓ x 80/100 ✓) – 21 000 ✓ – 3 600 twee punte – 3 000 een punt	743 600 ☑* (Indien finale antwoord R756 800 is, ken maksimum van twee punte toe)

4

2.2.2 **Produksiekostestaat vir die jaar geëindig 31 Maart 2022.**

*een deel korrek
#Foutiewe plasing van DMK en FBK: -1 aanbieding
Sal ook die metodepunt vir Primêre koste subtotaal verloor; die syfers sal metodepunt verdien selfs as dit verkeerd geplaas is.

Direkte materiaalkoste ✓ sien DMK in 2.2.1	2 596 000 ☑#	
Direkte arbeidskoste	3 103 600 ✓	
Primêre koste Moet DMK + DAK	5 699 600 ☑	
Fabrieksbokoste ✓ sien FBK in 2.2.1	743 600 ☑#	
Totale vervaardigingskoste Bewerking, een deel korrek, DMK+DAK+FBK	6 443 200 ☑	
Goedere-in-bewerking aan die begin van die jaar	**256 200**	
	6 699 400	
Goedere-in-bewerking aan die einde van die jaar Balanserende syfer; moenie 231 000 of 120 000 of 56 200 aanvaar nie	(72 400)	
Koste van produksie van klaarprodukte (6 516 000 ✓ + 231 000✓-120 000 ✓)	6 627 000 ☑*	**11**

2.2.3 **Face-It Vervaardigers beplan om werkers af te lê en om hulle met robotarms te vervang. In ooreenstemming met goeie korporatiewe bestuur, noem TWEE punte wat hulle in gedagte moet hou met hierdie besluit.**

Enige TWEE geldige redes ✓✓ ✓✓

Ken deelpunte toe vir gedeeltelik korrekte antwoord

4

- Dit sal lei tot hoë werkloosheid in die land.
- Drie dubbele reël (Hulle behoort nie net hul wins te oorweeg nie)/ Aflegging van werkers sal bydra tot armoede/Verhoogde misdaad in die gemeenskap.
- Onderhoud en installasie van robot arms is baie duur.
- Robotte benodig elektrisiteit en kenners om dit op te stel
- Hoë insetkoste vir nuwe robotte / Finansiële begroting van die onderneming sal verhoog

2.2.4 **Gee TWEE redes waarom die onderneming plaaslike verskaffers moet ondersteun.**

Enige TWEE geldige redes ✓ ✓

- Geen invoer kostes hoef betaal te word nie.
- Pryse is meer stabiel/pryse word nie deur fluktuerende wisselkoerse beïnvloed nie.
- Werksverskaffings geleenthede word vir die mense in die land geskep/Verbeter BBP in die land/Help klein of nuwe besighede/ Verbeter lewenstandaard.
- Geen vertragings in geval van noodbestellings of terugsendings nie/Geriefliker om goedere te vervoer.
- Geld bly in die land/Verbeter die wisselkoers.
- Minder misdaad indien indiensneming verhoog.
- Welwillendheid van die gemeenskap.

2

2.3 **JM HOUTWERK VERVAARDIGERS**

2.3.1 **Behoort die onderneming tevrede te wees met die aantal tafels wat gedurende die finansiële jaar vervaardig en verkoop is? Verduidelik. Haal stawende syfers in jou antwoord aan.**

Verduideliking, GBP met eenhede vervaardig vergelyk ✓✓

Die onderneming het 4 700 eenhede vervaardig en verkoop. Dit is 571 eenhede meer as die gelykbreekpunt van 4 129 eenhede.

3

2.3.2 **Jabu beoog om 'n wins van R400 000 vir die finansiële jaar te behaal. Hoeveel tafels moet sy vervaardig om die doelwit van R400 000 wins te bereik? Verskaf 'n berekening om jou antwoord te staaf.**

een punt een punt
412 900 + 400 000
812 900 ✓✓
(160 – 60) ✓✓
100 twee punte

= 8 129 eenhede ☑ een deel korrek

OF

een punt
400 000 + 4 129 = 8 129
100
Twee punte een punt een metodepunt

5

40

VRAAG 3: VASTE BATES EN VOORRAAD

3.1 **Bereken die ontbrekende syfers (aangedui deur a, b, c en d) in die Vaste/ Tasbare Bate nota vir die jaar geëindig 31 Maart 2022.**

*een deel korrek

	Berekeninge	Bedrag	
a	2 900 000 – 2 250 000	650 000	✓✓
b	500 000 x 20%	100 000	✓✓
c	500 000 ✓ – 100 000 sien (b) ☑ – 318 000 ✓ **OF** 150 000 een punt – 68 000 twee punte	82 000	☑*
d	157 500 ✓+ 48 000✓ – 55 500✓ **OF** 258 000 een punt – 108 000 twee punte	150 000	☑*

12

3.2 **VOORRAAD WAARDASIE EN INTERNE KONTROLE**

3.2.1 **Bereken die waarde van die slotvoorraad van die XB 300 slimfone op 28 Februarie 2022.**

(135–85)
50 ☑ x (7 000 + 110) ✓✓ = 355 500 ☑

85 x (6 600 + 110) = 570 350 ✓
135 925 850 ☑ een deel korrek

6

3.2.2 **Bereken die Koste van verkope vir die jaar geëindig 28 Februarie 2022.**

sien 3.2.1
570 750✓+ 2 373 850✓– 21 330✓ – 925 850 ☑= R1 997 420 ☑
een deel korrek

5

3.2.3 **Bereken hoe lank (in dae) dit sal neem om die slotvoorraad van 135 slimfone te verkoop. Lewer kommentaar op jou bevindinge en gee raad aan Sam in die verband.**

135✓ x 365 ✓ = 189,5 or 190 dae ☑ een deel korrek
260✓

Kommentaar ✓	Raad ✓
Dit sal 6 maande neem om die slotvoorraad te verkoop.	Aangesien 'n nuwe model in April 2022 geloots sal word, moet Sam dit oorweeg om die prys van die XB 330 foon te verlaag om sodoende vinniger van ou voorraad ontslae te raak.
Voorraadomsetsnelheid is te stadig/te veel voorraad voorhande en die voorraad se aanvraag sal afneem aangesien 'n nuwe model in April geloots word	Oorweeg 'n uitverkoping van die XB 300 model

.

6

3.2.4 **Verskaf 'n berekening om te bewys dat die inligting wat deur die verkoopsassistent oor die slimfone gegee is, waar is. Gee EEN punt van advies.**

332 twee punte

75✓ + 335✓ – 3✓ – 260✓ = 147 – 135✓ = 12☑een deel korrek

Enige EEN geldige punt ✓

- Doen gereeld voorraadopnames.
- Skeiding van pligte/Rotering van pligte.
- Verminder voorraad tot aanvaarbare vlakke.

7

3.3 **Neem die inligting wat gegee is in ag en gee TWEE verskillende voorstelle aan Sam om die winsgewendheid van drukkers in 2023 te verbeter.**

Voorstel 1 (met syfers): ✓✓

- Sam behoort die prys aan te pas tot meer as R2 640, maar laer as R2 860.

OF

- Sam moet die winsgrens aanpas tot meer as 20% maar laer as 70%.

Voorstel 2 (met syfers): ✓✓

- Sam moet die aankoop van drukkers beplan om sodoende in die vraag van 980 eenhede te kan voorsien (bv. 200 meer as die huidige verkope).

OF

- Sam moet die voorraadomsetsnelheid van 11,8 keer handhaaf om sodoende in die volle vraag van 980 eenhede te kan voorsien.

4

40

VRAAG 4

KONTANTBEGROTING EN BTW

4.1 **Dui die bedrae aan in die toepaslike blokkies vir die Kontantbegroting en die Geprojekteerde Inkomstestaat vir die maand geëindig 31 Augustus 2022.**

	Kontantbegroting		Geprojekteerde Inkomstestaat	
NR.	**Ontvangste**	**Betalings**	**Inkomste**	**Uitgawes**
4.1.1		15 000 ✓		
4.1.2	35 000 ✓		21 000 ☑ OF 35 000 ☑	14 000 ✓
4.1.3				1 400 ✓
4.1.4		65 000 ✓		65 000 ✓
4.1.5				1 200✓✓ 14 400/12
-1 vir vreemde items (maksimum -2)				

9

4.2.1 **Voltooi die Debiteure-invorderingskedule vir Oktober tot Desember 2022.**

Maande	Kredietverkope	Desember
September	**64 800**	*Oorbodige inskrywing verbeur metode punt vir totaal
Oktober	**73 800**	**5 904**
November	**63 000**	44 100✓
Desember	50 400✓	9 576✓☑ 50 400 x 20% x 95/100
Totaal		59 580 ☑*

5

4.2.2

BEDRAE VIR KONTANTBEGROTING

Nr.	BEREKENINGE	BEDRAG
(a)	Kontant aankope van handelsvoorraad vir Desember (84 000 x 100/150) ✓x 25% 56 000 een punt	14 000☑ Een deel korrek
(b)	Betalings aan krediteure vir November 82 000 ✓x 75% ✓x 95%✓ OF (123 000 x 100/150) een punt	58 425☑ Een deel korrek
(c)	Rente op lening vir Desember 6 875 ✓– (12.5%✓ x 52 800 ✓/12✓) 6 600 twee punte 4 400 twee punte 550 drie punte **OF** Een punt een punt een punt een punt (660 000 – 52 800) x 12.5% / 12 607 200 twee punte	6 325☑ Een deel korrek

11

4.3

Lewer kommentaar op die beheer van afleweringskoste en gee EEN punt van advies. Haal syfers of berekeninge aan.

Besonderhede	KOMMENTAAR ✓	ADVIES ✓
Aflewerings-koste	Verkope is laer as begroot, dus moet afleweringskostes verminder tot R8 284/ R8 360/ R 8 322. (11% of 10,95% van verkope) Die werklike syfer is R1 700 meer as begroot.	• Ondersoek moontlike bedrog. • Hef klante vir aflewerings. • Verander van afleweringsfirma.

3

4.4 **BTW**

Bereken die bedrag betaalbaar aan die SAID ten opsigte van BTW aan die einde van Februarie 2022 nadat transaksies 1 – 5 in ag geneem is. Dui aan of die bedrag bygetel of afgetrek moet word deur 'n (+) of (-) teken te gebruik.

Aanvaar BTW kontrole rekening
*R8 120 moet bygetel word om deelpunt te verdien

NR.	BTW BEDRAG BETAALBAAR AAN DIE SAID
1.	**R8 120**
2.	+ R912✓
3.	+ R252✓
4.	-R330✓☑ 300-630
5.	+ R10 200✓☑ 11 100 – 900 een deel korrek
	R19 154☑*

7

35

TOTAAL: 150